

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen hoe God ons sondes versoen en hoe geestelikes en die gemeenskap God se versoening na-aap. God se versoening is vergifnis van sonde. Geestelikes en die gemeenskap se versoening is verskoning van sonde. God se versoening laat ons weer in sy liefde diensbaar leef terwyl die wêreld se verskoning van sonde die bron van geweld in 'n gemeenskap is wat mense in geweld verstrik.

Skriflesing 2 Samuel 12: 13 en 14: 1 - 24

Teks 2 Samuel 12: 13 “Ek het gesondig teen die Here,” Dawid vir Natan gesê, waarop Natan toe vir Dawid sê “die Here self het jou sonde opsy geskuif. Jy sal nie sterf nie.”

Tema Die wêreld versoen deur sondes te verskoon, God deur vergifnis!

1. In 2 Samuel 14 kry ons 'n menslike nabootsing van God se vergifnis. Joab, die hoof van die weermag, het gesien hoe Natan Dawid met die vertelling van 'n arm man se troetel-ootjie wat 'n ryk man dood gemaak het, voor sy sonde gestel het en hoe God Dawid vir sy sonde vergeef het.

Hy het gesien hoe God se versoening Dawid weer vir God se liefde regmaak.

Nou kom Joab en hy aap God se versoening met Dawid deur Natan na om versoening tussen Dawid en sy seun Absalom te bewerk. Op die oog af lyk dit asof hierdie 'n herhaling van God se vergifnis en versoening vir Dawid se sonde met Batseba is.

Dawid moet weer na 'n opgemaakte storie luister asof dit 'n regte gebeurtenis is, nou die manslag van een broer op 'n ander broer oor hulle erfporsie na hulle pa dood is. Dit is 'n opgemaakte storie, net soos Natan se storie oor die skaap-ootjie van die arm man.

Dawid word weer deur 'n opgemaakte storie oortuig om as koning 'n regsuitspraak te maak.

Dawid word weer met sy eie regsuitspraak as die eintlike skuldige uitgewys sodat hy by God versoening kan kry.

Dawid maak weer 'n eed in die Naam van God as koning.

Dawid word weer voorgehou as die een wat die voortbestaan van die volk van God in gedrang bring.

Al hierdie ooreenkomste laat dit ly asof dit weer oor God se vergifnis van sonde gaan, maar dit is presies net die teenoorgestelde. In hierdie nabootsing van God se vergifnis, word sonde verskoon, nie vergewe nie en word geweld as God se wil geregverdig, nie aangespreek as teen God se wil nie.

2. Kom ons kyk na hoe verskil hierdie sake wat lyk asof dit dieselfde is!

Met Dawid se sonde is dit die profeet, die predikant wat aan Dawid die Woord van God bring. Met die verskoning van Absalom se moord, is dit die hoof van die weermag wat nie self nie, maar deur 'n sogenaamde onderdrukte en verstote vrou die wil van die mense aan Dawid bekend maak, nie God se Woord nie. Joab het geweet wat die mense wou hê, Absalom hul kroonprins en politieke sekuriteit. Dit is hulle wil wat hy aan Dawid voorhou deur Natan na te boots.

Dawid word met die vrou se storie gedwing om 'n regspraak oor 'n verdraaide saak te maak. Absalom se moord van sy oudste broer wat die toekomstige koning sou wees, word deur die vrou verdraai asof dit net strafbare manslag is - 'n onbedoelde moord in 'n oomblik passie. Met Natan het dit oor die regte moord van Urija, regte owerspel en regte hoogverraad gegaan waarvoor Dawid moes regspraak gee.

Dawid word deur die vrou se storie uitgewys as die eintlike sondaar teenoor Absalom, maar Dawid is nie in sy optrede teen Absalom sondig nie. Absalom is regmatig in 'n selfopgelegde ballingskap om Dawid se regsoptrades te ontduik. Dawid se weiering om aan Absalom vir die moord op sy broer amnestie te gee, is nie 'n sonde nie. Dit is die regte optrede deur Dawid teen die misdaad en sonde van Absalom.

Daarom doen Dawid ook geen skuldbelydenis soos hy teenoor die Woord van God in die verhaal van Natan gedoen het nie, want hy is nie skuldig teenoor Absalom nie. Absalom is skuldig teenoor hom as koning, nie andersom soos die vrou dit verklaar in nabootsing van Natan nie.

Dawid word deur die vrou voor die eis gestel gestel om Absalom se moord te verskoon deur God se Naam te misbruik. Die moord op Amnon deur Absalom verskoon sy met die woorde: "Ja, ons moet beslis sterf, soos water wat op die grond gestort is en nie weer herwin kan word nie." (2 Sam.14: 14) Hierdie geloofsverklaring is inhoudelik presies dieselfde wyse waarop Dawid sy moord op Urija verskoon het: "Hierdie voorval moet jy nie as iets verkeerds beskou nie. Die swaard verteer immers nou so, en dan weer so."(2 Sam. 11: 25)

Sy stel ook Dawid voor die eis om Absalom se misdaad en sonde te verskoon omdat dit God se plan sou wees om Absalom nie weg te jaag maar te laat terugkeer. So verklaar sy Joab se plan om Absalom te laat terugkeer sonder enige regsoptriede teen hom, as God se plan. Joab se plan is nou God se plan.

Natan het nie Dawid se misdaad in God se Naam verskoon en sy huwelik met Batseba as God se plan aangekondig nie. Hy het Dawid voor sy sonde gestel om God se vergifnis te aanvaar. Wat hier totaal ontbreek is Absalom wat voor sy misdaad gestel word en Absalom wat sy sonde bely en breek met sy sonde. Absalom word verskoon deur Dawid as skuldige aan te wys vir Absalom se sonde en die gevolge van sy eie sonde.

Daarom manipuleer die vrou Dawid om 'n eed in God se Naam af te lê uit misplaaste simpatie vir 'n opgemaakte lyding, verontregting en onderdrukking. Die eis van die gemeenskap teen haar fiktiewe seun, is misplaas. Hulle eis net dat hy volgens wet gestraf moet word vir sy misdaad, volgens die bestaande wette van die land en volk

Israel. Sy speel slagoffer van die wraak van die gemeenskap om die reg van die land te ontduik.

Dit wat alle slagoffers speel. En so manipuleer sy Dawid om 'n eed af te lê in God se Naam om haar seun se sonde te verskoon sodat sy nie die gevolge van sy misdaad hoef te dra nie. Die eed wat Dawid teenoor Natan afgelê het was nie 'n verskoning vir sonde nie maar die bekragtiging van 'n werklike misdaad wat gestraf, nie verskoon moet word nie.

3. Die vrou maak asof sy vir die voortbestaan van die volk Israel pleit. Dit is vir voortbestaan van die volk soos Joab as weermagshoof dit sien. Hy wil 'n rewolusie en burgeroorlog voorkom. Die volk steun Absalom as kroonprins wat in ballingskap is. Met hierdie steun kan hy vanuit die buiteland as wettige kroonprins 'n rewolusie en burgeroorlog lei. Volgens 2 Sam. 15: 1 het Absalom dit oorweeg en beplan. Volgens Joab is dit vir die volk beter dat Absalom terugkom, op 'n wettige wyse koning word en só die mag van die koningshuis van Dawid verseker. Joab maak asof sy verwagte krisis net só 'n krisis is as wat Dawid veroorsaak het deur die Here se volk as sy persoonlike besitting te gehanteer het. Maar Job se krisis is nie die kerk se krisis nie. Daarom pleit die vrou vir 'n politieke visie en nie vir 'n kerklike bedreiging nie. Sy pleit dat Absalom vir 'n moord om mag te kry verskoon moet word. Dawid tree reg op deur Absalom in sy selfopgelegde ballingskap te hou. Joab se magskrisis is nie die kerk se krisis nie.

Niks is dieselfde tussen Dawid se sonde en die sonde en verskoning van Absalom nie, al probeer Joab god se vergifnis naboots.

4. Wat is die verskil tussen God se versoening en Joab se versoening?

God se versoening is die vergifnis van Dawid se sonde, die herstel van liefde waarin God Dawid weer vir sy liefde reg maak en sy liefde vir God reg laat wees. In die geloof in God se versoening hou Dawid op om in sy sonde te volhard en wy hy homself weer aan die diens van God.

Joab se versoening is nie God se vergifnis vir Dawid of Absalom se sonde nie. Dit is 'n verskoning van Absalom se sonde met die dreigement dat Dawid sal sonde doen en 'n burgeroorlog en rewolusie sak ontketen as hy nie Absalom verskoon. Joab se versoening is 'n magsskikking: Dawid kan sy seun na wie hy verlang terugkry as sy seun weer di reg op die troon terugkry. In Joab se versoening volhard Absalom as moordenaar en krimineel in sy sonde. Direk na sy verskoning brand hy Joab se plaas af net om sy aandag te kry en begin hy die rewolusie binne in sy pa se hoofstad.

So! Wat is die geloofsverskil tussen God en Joab se versoening? God vergewe sonde sodat ons in en deur sy liefde kan breek met ons volharding in sonde en god weer kan dien. Die wêreldse versoening van Joab verskoon sondes sodat mense hul eie begeertes kan vervul en in hul sondes kan volhard.

God se versoening herstel diensbaarheid terwyl wêreldse versoening geweld teenoor God en mense sanksioneer.

God se versoening het Dawid se huwelik met Batseba geheilig en met Salomo hul kind geseën as troonopvolger. Joab se versoening het Dawid en Joab se geweld vasgevang wat uitgeloop het op Dawid wat voor die mag van Absalom moes vlug en Joab wat 3 spiese in 'n weerlose Absalom se hart gedruk het.

5. Wat het die burgerlike versoening van die geestelikes in Suid Afrika bewerk?

'n Gelowiges gemeenskap wat in God se liefde diensbaar aan God leef of 'n gemeenskap wat in sy eie geweld vasgevang is?

Niemand kan meer ons bevangenheid en verstriktheid binne 'n alles deurdringende geweld ontken nie. Dit verlam alles van Eskom tot die beweging van verkeer op paaie. En hierdie geweld het nie sommer net eendag uit die lug geval nie. Dit is die direkte gevolge van die tipe versoening wat die gemeenskap en kerke in Suid Afrika bedryf het. Hulle het nie versoening deur vergifnis verkondig nie, maar versoening deur verskoning van sonde om 'n magskikking te kry vir alles wat almal begeer het.

Daarom het dit vir die kerk van die Here tyd geword om duidelik die verskil tussen God se versoening deur vergifnis en die wêreldse versoening deur verskoning openlik aan die orde te stel. Waarmee was, is en wil ons as kerk en gelowiges besig wees? Die versoening wat Natan verkondig het of die versoening wat Joab deur hierdie vrou bedryf het? Regte kerklike versoening deur die prediking van God se vergifnis vir gelowiges alleen of godsdienstig nagebootsde versoening deur die verskoning van hulle wat mag skik?

Om hierdie geestelike onderskeid te kan maak moet ons toegerus met die Woord van God menslike verskonings wat as versoening voorgehou word van God se versoening kan onderskei. Hoe die Woord van die Here vir ons die verskil wys tussen die versoening wat Natan aan Dawid verkondig en die versoening wat Joab as politieke bedryf manipuleer kan ons hierin lei.

Dit kan ons toerus om te onderskei tussen die geestelikes wat magskikking as versoening vir die kerk in Suid Afrika voorhou teenoor die versoening deur vergifnis deur God. En dan kan ons die werklike oorsaak van die mag van geweld ook eien: dit is die geestelikes se versoening wat ons aan die mag van goddeloses uitgelewer het.

6. Dit is die verskil tussen die versoening wat Natan verkondig en die nagebootsde versoening van Joab!

Natan spreek die volharding in sonde van 'n gelowige aan, sy regte sonde. Hy verseker dat God nie sonde straf nie en dat die sondaar in God se verbondsliefde is sodat die gelowige kan ophou om in sy sonde te volhard en God weer in liefde kan dien.

Joab verdraai die reg van die wet van die land en van God, maak asof 'n krimineel onskuldig is deur die regverdige as die skuldige vir die sonde van die krimineel te verklaar. Hy stel mense se magvisies en magvisies gelyk aan God se planne en verskoon die misdade, soos moord as iets wat tot die verlede behoort en nie meer

aangespreek hoef te word nie omdat god dit laat gebeur het en dit nou verby is. (Amnon se moord), ter wille van die vrede in die land.

God se versoening maak mense diensbaar aan God in liefde binne die seën van God. Wêreldse versoening verstrik mense binne die geweld wat hulle met hul verskoning van sonde gesanksioneer het. Hierdie is die verskil tussen kerk en kultus. Die kerk van die Here glo God se versoening deur vergifnis. Die kultusse van hierdie wêreld bedryf verskoning vir misdade was hulle versoening met mag.

Hierdie verskil raak elke deel van die gemeenskap. Die verskoning van sonde is die bron van geweld waarin huwelike, gesinne, skole, werkgewers en werknemers en die burgerlike gemeenskap in verstrik raak. Om binne die verskoning van sonde te soek na maatskaplike, sielkundige en sosiale uitkomst vir die geweld wat mense met hierdie wêreldse versoening oor hulle self bring, is futiel.

Dit is alleen binne God se versoening deur vergifnis, nie verskonings nie, dat gelowiges weer diensbaar binne die liefde en seën van God kan leef.

Kom ons breek met die versoening waarmee die geestelikes van hierdie wêreld ons binne hulle magskikkings wil verstrik asof ons uit ons geloof in die Here met hulle hulle magsbedrywe moet meedoen. Kom ons leef in God se vergifnis diens in sy liefde. Dit is God se versoening.